Ouderdom: **Vs-Gr3**
Tema: **Kan God alles?**
Teks: **Rom 6:23; Joh1:12**

KAN GOD ALLES?

INLEIDING:
Maats, ons leer mos sommer al van kleins af dat God Almagtig is, nè? Wat beteken dit? Ja, dit beteken dinge, soos dat God alles kan doen en dat niks vir God onmoontlik is nie.

AANBIEDING:
Wie van julle stem saam dat God alles kan doen, en dat **niks** vir Hom onmoontlik is nie. (Waarskynlik sal almal hulle hande opsteek.) Weet julle, ek stem nie saam met julle nie. Trouens, ek **weet van 5 dinge wat God nie kan doen nie.**
Glo julle my?

Behandel die lessie verder aan die hand van die boek merkie in Bylaag 4 (onder aangeheg). Lees die tekste daarmee saam en as die kindertjies in die groepie te klein is, "*lees*" dit nog steeds uit die Bybel, maar eenvoudig in jou eie woorde:

1. **God kan nie leuens vertel nie**. - Maatjies, God het nog nooit, ooit een leuen vertel nie, en Hy sal ook nooit, ooit een leuen vertel nie. Jy kan elke belofte van Hom glo - Hy kan dit net nie regkry om vir jou te jok nie.
2. God is Heilig en daarom haat Hy die sonde. **Hy sal nooit enige sonde in die hemel kan toelaat nie**, en daarom sal geen mense wie se sonde nie vergewe is nie, in die hemel toegelaat word nie.
3. God is so lief vir jou, dat Hy bereid was om Jesus se lewe daarvoor te gee. Hy is liewer vir jou as wat enige een op hierdie aarde ooit kan wees, en **God sal nooit ophou om vir jou lief te wees nie**, Hy kan dit nie help nie en Hy kan nie anders nie.
4. Omdat God die sonde so haat, en omdat Hy nog nooit ’n leuen vertel het nie, kan ons dit maar glo, as Hy in Rom. 6:23 sê dat **Hy die sonde ook nie ongestraf kan laat bly nie.**
5. Joh. 1: 12 vertel vir ons van net een pad om jou sonde vergewe te kry en dit is om Jesus as jou Verlosser te aanvaar - **daar is geen ander pad waardeur Jesus jou kan of wil red nie.**

AFSLUITING:
Sluit af met gebed en gee vir elke maatjie 'n boek merkie saam huis toe.

Boek merkie op volgende blad

BYLAAG 4

God kan nie leuens vertel nie. Titus 1:2



God kan nie sonde in die hemel toelaat nie. Op. 21:27



God kan nie help om jou lief te hê nie.Joh. 3:16

God kan nie sonde ongestraf laat bly nie. Rom. 6:23

God kan nie jou sonde vergewe as jy nie Jesus as jou Verlosser aanvaar nie. Joh. 1:12